

HOOFSTUK 4

KRITIESE BESKOUING VAN TWEE UITERSTE INTERPRETASIES VAN DIE CHRISTUS-KERK METAFOOR

4.1 INLEIDING

Onder punt 2.6 van hierdie studie is daar reeds gesê dat 'n **narratief-hermeneutiese** benadering in hierdie studie gevolg sal word. **Hermeneutiek** kan beskryf word as die studie-van-verstaan-deur-interpretasie. In sy breedste sin het hermeneutiek te doen met die wetenskap van interpretasie (Müller 1996:10). Die gelowige mens se verhaal kry betekenis en sin wanneer dit in die lig van God se verhaal, soos beskryf in die Bybel, geïnterpreteer word. Volgens Heitink (in Müller 1996:10) het dit aanvanklik bloot om die interpretasie van Bybeltekste gegaan, terwyl dit in die nuwere hermeneutiek uitgebrei is tot die interpretasie van ander soorte tekste of fenomene, soos die gesproke woord, gebare, handeling, historiese en maatskaplike verskynsels.

Louw (1993:78-80) sê dat "... praktiese teologie die hermeneutiek is van God se ontmoeting met die mens en sy wêreld". Praktiese teologie as hermeneutiek wil die betekenis en relevansie van die Evangelie vir die mens in sy/haar wêreld só vertolk dat die mens tot geloof kan kom en in geloof kan groei. Die sin van die Evangelie word gevolglik gekonkretiseer en vind neerslag in die kommunikatiewe geloofshandeling van die mens. Volgens Pieterse (1993:7) kom hierdie geloofshandeling tot uiting "... in die ontmoetingsgestaltes van gebed, die omgang met die Bybel, in die erediens, die pastoraat, die kategeese, en oral waar kommunikatiewe handeling deur en tussen mense geskied". Gerkin (1986:61) beskryf die narratief-hermeneutiese benadering soos volg:

Practical theology ... is the critical and constructive reflection on the life and work of Christians in all the varied contexts in which that life takes place with the intention of facilitating transformation of life in all its dimensions in accordance with the Christian gospel. Practical theology seen from a narrative hermeneutical perspective, involves a process of the interpretive fusion of the horizons of meaning embodied in the christian narrative with other horizons that inform and shape

perceptions in the various arenas of activity in which Christians participate.

Hierdie benadering sluit weer aan by die sosiale konstruksie-diskoers in dié sin dat kennis en betekenis van menslike narratiewe in taal en in die lig van God se Woord onderhandel en geïnterpreteer moet word, sodat sin en betekenis bereik kan word. Gerkin (1986:61) sê verder die narratief-hermeneutiese benadering is 'n "... undergirding practical theology for pastoral care that gives particular attention to the importance of the narrative structure of human experience" .

Soos wat die mens se verhaal verander as gevolg van nuwe ervaring, deur byvoorbeeld die ineenvloeiing van betekenis horisonne, moet daar voortdurend nuwe betekenis gekonstrueer word om die transformasie te akkommodeer. Die doel van praktiese teologie is vir Gerkin (1986:54) die transformasie van die menslike verhaal op wyses wat die weg baan vir die nuwe lig van God se verhaal. Die verandering en betekenisgewing moet deur die werking van die Heilige Gees die mens lei tot verstaan, in die lig van God se Woord. Die skeppings- en herskeppingswerk van God gaan voort en die vertel en hervertel van die Christelike verhaal wat nog altyd 'n verhaal was van "... human life in need of and awaiting transformation" (Gerkin 1986:64).

Bogenoemde uiteensettings is eintlik die tema waaroor dit in hoofstuk 4 gaan. Daar word gekyk hoe hierdie metafoer in Efesiërs 5 deur leiers en skrywers in die kerk geïnterpreteer word en hoe dit in die kommunikatiewe handeling van die kerk gestalte kry. Daar word krities gekyk na die patriargale interpretasie wat aan hierdie metafoer gegee is en wat die gevolg daarvan is vir die lidmate van die kerk. Verder word daar geëvalueer of die kerk met so 'n patriargale interpretasie van hierdie metafoer, werklik daarin slaag om lidmate te begelei na sinvolle betekenis en transformasie in hul man-vrou-verhouding in die huwelik.

Die gevaar bestaan altyd dat die mens in sy/haar betekenisgewing stagnant en onbuigbaar kan word en dus ook onaanpasbaar word vir verandering. Dieselfde gevaar geld ook die kerk. Die kerk moet dus voortdurend oop wees vir die leiding van die Heilige Gees in die interpretasie van lewenswerklikhede: "Only as the process of practical theological thinking is kept open and active ... can the Christian

community remain open to the movement of God that ... may be found taking place ... far a field from our accustomed Christian contexts” (Gerkin 1986:65). Dit sluit aan by die postmoderne denke dat daar meervoudigheid van kennis bestaan en dat nuwe konstruksie van kennis voortdurend gekonstrueer word in terme van die sosiale konstruksie-diskoers.

In hoofstuk 5 word daar saam met ’n egpaar nuwe konstruksie van kennis gekonstrueer. God se verhaal in Efesiërs 5:21-33, soos dit in hoofstuk 3 teologies en eksegeties verantwoord is, word met die egpaar se verhaal in verband gebring ten einde nuwe betekenis en verandering tot stand te bring. Die egpaar interpreteer en verstaan hul verhouding, as man en vrou, nuut in die lig van God se Woord (Rossouw 1993:899).

4.2 INTERPRETASIE VAN EFESIËRS 5:21-33: TWEE UITERSTES

In hoofstuk 3 is die Christus-kerk metafoor op verantwoordelike wyse geïnterpreteer en die gevolgtrekking was dat die metafoor wel verstaan kan word as kritiek teen die patriargale huweliksbeskouing soos ek dit interpreteer. Baie ander persone het egter al hierdie metafoor geïnterpreteer in ’n poging om dit sinvol in verband te bring met die man-vrou-verhouding in die huwelik. ’n Postmoderne benadering vereis dat daar ook na ander interpretasies gekyk word. Daarom word twee uiterste interpretasies vervolgens krities geëvalueer.

Die betekenis en interpretasie wat aan hierdie metafoor gegee word, kan vir praktiese doeleindes in drie hoofgroepe verdeel word:

* Die meer tradisionele kultuur-historiese beskouing wat dit sien as regverdiging van ’n patriargale huweliksmodel waar die man hoof (gesagsdraer) is en die vrou (as mindere) aan hom onderdanig is.

* Diegene wat in reaksie is teen die metafoor omdat dit, volgens hulle, ’n kultuur-historiese uitspraak is wat nie vandag meer geldig is nie. Onder hierdie groep ressorteer onder andere die feminisme.

* Diegene wat, soos ek, die metafoor verstaan as kritiek op 'n patriargale huweliksverhouding. Man en vrou is gelyk en moet aan mekaar onderdanig wees. Dit is ook na my mening die eties meer aanvaarbare interpretasie aangesien dit 'n gelyke en regverdigde bedeling vir man en vrou tot gevolg kan hê.

Daar word vervolgens gekyk hoedat groep 1 en 2 hierdie metafoor interpreteer en wat die gevolge is vir die geloofsgemeenskap en vir man en vrou in die huwelik.

4.2.1 Tradisionele, patriargale interpretasie

Alle mense leef binne die kontoere van 'n bepaalde verwysingsraamwerk wat 'n netwerk van oortuigings, verwagtinge, waardes en norme bevat. Dit dien as riglyne vir die alledaagse lewenstyl en beslissinge van die betrokke groep. In alle kulture word daar bepaalde visies oor manlikheid en vroulikheid aangetref. Hierdie oortuigings is meestal deur 'n bepaalde groep in 'n bepaalde historiese tyd en situasie geformuleer. Hierdie oortuigings word dan van een generasie na die ander deurgegee deur die informele en formele geleiers van die prosesse van opvoeding en sosialisering, soos die huisgesin, kerk, skool ensovoorts.

'n Persepsie van 'n bepaalde rol word deur opvoeding en sosialisering gevorm en bepaal weer op sy beurt verdere persepsies. Dit lei tot *stereotipering*. In wese is stereotipering 'n vereenvoudiging van die komplekse werklikheid met die oog op 'n gemaklike hantering van die werklikheid. Stereotipes skryf die aanvaarde patroon van optrede voor, terwyl die aard van die stereotiepe beeld op sy beurt weer deur persepsies of indrukke bepaal word. Stereotipering is oorwegend 'n negatiewe verskynsel omdat dit rolle, verwagtingspatrone en persepsies in verband met stereotipes vaslê. Tog maak dit deel uit van die breër raamwerk van sosiale oortuigings en verwagtinge waarbinne alle mense leef en werk.

Hierdie stereotipes dien as die paradigma of verwysingsraamwerk waardeur die werklikheid gesien word. Wat gesien word is egter net dit wat die paradigma die aanhanger daarvan toelaat om te sien. Dit beklemtoon bepaalde fasette van die werklikheid en laat ander buite sig.

In die patriargale beskouing van die huwelik funksioneer twee van hierdie stereotipes, wat met verloop van tyd tot waarhede verhef is, naamlik die tradisionele opvatting oor die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou. Hierdie stereotipes kry 'n mitiese karakter veral as dit gesien word as onveranderbare deel van God se verordening. Dit word onkrities aanvaar as 'n Bybelse *gegewe*.

Hierdie stereotipes tref ek gereeld op grondvlak aan wanneer ek besig is met huweliksterapie. Dit kom ook dikwels voor in die geskrifte van gesaghebbende skrywers binne die geloofsgemeenskap.

Wat is die Skrifberoep vir die patriargale model? Daar is natuurlik baie uitsprake, voorbeelde en gebruike in die Bybel wat hierdie model veronderstel, eenvoudig omdat die omgewing waarin Israel geleef het, hierdie model aanvaar het. Wat die huwelik betref, word veral na twee Skrifuitsprake verwys. Eerstens dat die vrou volgens Genesis 2:18 geskep is as “'n hulp” vir die man. Die woord *hulp* beteken vir iemand wat die man moet help, wat onder sy gesag staan, na hom moet luister en sy leiding navolg. Tweedens bepaal Efesiërs 5:22 e.v. dat die vrou aan die man onderdanig moet wees omdat die man die hoof van die vrou is. Hierdie Bybeltekste word algemeen gebruik om 'n stereotipe, patriargale huweliksbeskouing te regverdig. Hierdie tekste word ook dikwels geïnterpreteer as “in volle ooreenstemming” met die tekste oor die vrou wat in die gemeente moet swyg (1 Korintiërs 14:34 e.v.; 1 Timoteus. 2:11 e.v.). Gevolglik is die patriargale model sonder meer as Bybels aanvaar vir huwelik, kerk en samelewing.

Dit beteken dat die vrou deur God onder die man gestel is. Die man heers oor haar as 'n algemene beginsel. Mense praat graag van 'n ‘skeppingsorde’. Die vrou is so geskape. En sy word aan haar Godgegewe aard en natuur ontrou as sy anders wil wees, byvoorbeeld as sy leiding wil neem.

Dit is byna onnodig om te sê dat hierdie stereotipe beskouings van dit wat van die man en vrou verwag word, veral in die huwelik, vir vrouens baie meer nadelig tref as vir mans. Eerstens is dit 'n pertinente verskraling van die beeld van die vrou tot die vervulling van hoofsaaklik twee rolle, naamlik *ma vir haar kinders* en *hulp vir haar man*. Tweedens het hierdie verskraalde beeld 'n negatiewe uitwerking op die

persoonlikheids groei en -ontwikkeling van elke vrou wat hierdie ideaalbeeld geïnternaliseer het. Sy leef vanuit die veronderstelling dat sy as vrou *slegs* via haar man en via haar kinders tot persoonlike ontwikkeling en groei moet kom en dat haar verband met die wêreld buite die gesinskring altyd via die twee primêre relasies bemiddel moet word. Die ontplooiing van haar totale vroulike potensiaal en die potensiele bydrae wat sy tot die samelewing kan lewer, word daardeur begrens en aan bande gelê.

Wat die kwessie van **gesag** betref is daar ook uiters nadelige gevolge vir die vrou in 'n tipiese patriargale situasie. Indien gesag in die gesin, die huwelik of die samelewing in die algemeen primêr geïnterpreteer word as *beslissingsbevoegdheid*, word die vrou gekondisioneer en gesosialiseer om gesagsfigure – wat oorwegend manlik is – te sien as diegene wat *toestemming moet verleen* vir enige inisiatief wat deur die vrou ontplooi sou word. Sy kweek geleidelik die houding aan dat sy onmoontlik op haar eie selfstandig in staat sou wees, of selfs geïnteresseerd sou wees, om inisiatief te neem of leiding te gee. Vir die vrou wat oor 'n leeftyd deur hierdie tipe van magsmanipulasie gevorm is, is dit bykans *tweede natuur* om slegs inisiatief te ontplooi wanneer sy van die kant van gesagsfigure die reg daartoe verkry het. Die meeste vroue, gevorm in hierdie tradisie van onkritiese gesagsaanvaarding en -gehoorsaamheid, is dikwels bereid om – ter wille van die saak – geweldig baie tyd en opoffering te wy aan die basiese hulpdienste, waardeur menige organisasies in stand gehou word – sonder om daarvoor enige persoonlike erkenning te vra of te verwag. Talle vroue laat hulle dit dan ook rustig welgeval dat hulle, ten spyte van gelyke kwalifikasies en gelyke verantwoordelikhede, minder verdien as hulle manlike kollegas. In bogenoemde opsigte is vroue dalk ook aandadig aan hulle eie verontregting omdat hulle skuldig is daaraan dat hulle 'n bestaande ideaalbeeld van die vrou onkrities navolg.

Die kerk en kerkleiers (mans) het hierdie stereotiperings dikwels verfyn tot godsdienstige reëls en regulasies wat deur hulle beskryf word as “God se rol vir die vrou” of “God se taak of plek vir die Christenvrou”. Wanneer hierdie stereotiepe beskouings deur die kerk(leiers) in stand gehou en gepropageer word, is dit na my mening niks anders as strukturele geweld nie. Tog is dit steeds 'n algemene verskynsel. Ek noem graag enkele voorbeelde.

Met seker die beste bedoelings in die wêreld skryf Andries Gous (1981:42-44):

Sagmoedig en aan haar man onderdanig is die Christenvrou en daarom is dit nie moeilik vir 'n liefdevolle man om met haar verstandig te lewe en haar as die swakkere eer te bewys nie. Sy is die hulp van die man en staan in versorgende sin hom by in die opvoeding van die kinders.... Wanneer 'n vrou...nie hierdie wesenlike en Bybelse kenmerke ken begryp nie, is die huwelikslewe ook moeilik. Want die begrip hiervan is bepalend van die vrou se rol in die huwelik....Gedagtig aan die groot opdrag van vrugbaar te wees, is die geboorte én versorging van kinders haar primêre taak. Haar terrein is in en om die huis waar sy die warme atmosfeer skep wat so onontbeerlik vir man en kinders is. Haar vreugde vind sy in die skep van atmosfeer en klimaat waarin 'n man en kinders hul weelde vind. Sy dink nooit aan haar bestaan as 'n selfstandige, los van die man lewe nie...sy weet dat sy alleenlik as komplement of voltooiing van die man haar grootste vervulling vind.... Sy ontken die eis van die vroue bevrydingsbeweging dat die vrou haar van die man moet losmaak om 'n 'selfstandige' lewe te lei. Die ware Bybelse vrou 'dink' dus huwelik, 'doen' huwelik en 'leef' huwelik. Hierdie rolbesetting maak haar gelukkig en sprankelend, omdat dit 'n uiting is van haar geestelike en Bybelse wesenseie. Sy probeer nie om...met die man mee te ding nie. Dit is waarom 'n huwelik kan slaag, naamlik omdat die twee persone in die huis, die man en vrou, nooit hoef te kompeteer met mekaar nie, want wesenlik is hulle taak, hulle rol en hul geaardheid verskillend. In die huwelik waar die rolbesetting suiwer is, is daar nooit kompetisie nie en dus selde botsing, want daar is andersoortigheid, arbeidsverdeling en dus vreedsame naasbestaan. In die huwelik waar die vrou die gesagsrol wil vervul, of dieselfde of meer salaris as die man wil verdien, of alleen die besluite wil neem of dissipline wil uitoefen, sal daar altyd botsings en konflik wees. Want daar is eendersheid en nie andersheid nie.

Nog 'n voorbeeld van godsdienstige manipulasie word deur Alsdurf en Alsdurf (1989:85-86) bespreek wanneer hulle na die bekende John MacArthur verwys:

Lip service may be given to the biblical call for mutual submission in marriage, but most evangelicals writing on the subject of marital roles would concur with John MacArthur, pastor of Grace Community Church in Sun Valley, California. 'In order for the family to function in harmony, the woman, with no loss of dignity, takes the place of submission to the headship of her husband.' Interpreting what it means for the woman to 'take the place of submission,' MacArthur says that the husband alone should work outside the home. Basing his interpretation on Titus 2:5 and Ephesians 5, MacArthur states, 'I think God is saying that the standard procedure for a wife and a mother is to work inside and not outside the home, and I think it is all related to the principle of being obedient to your own husband.' Basic to MacArthur's view of the woman's role in marriage is his belief that the woman should not have responsibility equivalent to that of the man because by nature she is weaker and is 'to be cared for, not left to her own resources'. The woman is constantly after man's God-given power, he argues, because she is fallen and fails to realize that 'God designed man to be stronger'.

Voorbeeld van iemand wat goed bedoel maar uiteindelik swig voor die kultuurhistoriese stereotypes, is die bekende skrywer Ralph Martin. In 'n boek oor mans, vrouens en kinders wat hy beskou as *Foundations for the Christian family*, noem hy wel dat die man in die Bybel geroep word om sy vrou te dien. Wanneer hy egter hierdie "diens" omskryf, interpreteer hy dit duidelik as gesag en outoriteit. Hy skryf:

The primary way a husband serves his wife is by exercising his authority for her good, just as Jesus' greatest service to his disciples was his teaching and direction and personal care....One of the greatest services a husband can perform for his wife is to take an active responsibility for her daily life....He need not know all the ins and outs of his wife's housekeeping or other tasks in order to provide her with helpful direction. His role is in some ways like that of a manager in a business office, and a good manager does not always know exactly how to do every job in the office himself. Management consists of such things as defining responsibility, so that each worker

knows exactly what jobs to do; supervising the work flow, so that no one ends up with too much at one time; and setting priorities, so that people know which of their tasks are most important in case of a schedule conflict....Just as a good manager can bring a great deal of peace and order to a busy office, a husband can bring greater peace and order to his wife's busy routine....A husband should help his wife define her responsibilities and establish the right priorities for her time....The husband can help his wife sort through her activities and determine what she should really be doing....A husband should also be concerned to help his wife organize her activities efficiently. Together they can work out a reasonable schedule for her weekly routine.

(Martin 1978 92-95)

Die vrou se taak word deur Martin (1978:111-115) hoofsaaklik gesien as ondersteuning van die man as leier maar waarsku dadelik:

Yet a wife needs to learn how to support her husband without taking over his authority in the family. She may be tempted to try to mold her husband, but God has not given her that responsibility. He wants a wife to learn how to support what he is doing in her husband without trying to direct it....A wife should also offer her views respectfully, recognizing her husband's authority to judge their validity and decide on a response....Many of the things a wife can do to support her husband's work and service are really very simple. She can see that dinner is ready in time for him to eat peacefully and still get to his evening meeting. She can have the house in good order, so that the home environment remains peaceful at times when the husband or the whole family is under stress. By doing a good job with her basic responsibilities in the home, she enables her husband to fulfill his commitments. Beyond that kind of practical support, she should let her husband know she stand behind him in his responsibilities....As I mentioned above, a wife is called to help her husband fulfill his commitments within their family. Most importantly, she should support his commitment to be the head of the family,

caring for her and preserving the unity of their common life. She can do this by her submission to his authority. The husband's leadership really depends upon her willing submission.

Wanneer Martin wel verwys na Efesiërs 5 vers 21 en sê dat christene aan mekaar onderdanig moet wees, pas hy die onderdanigheid slegs toe op die vrou.

Ten spyte daarvan dat die skrywer van Efesiërs glad nie die algemene betekenis van hoofskap as leier of gesagsdraer ontwikkel in Efesiërs 5 nie maar fokus op selfoorgawe en diens (sien punt 3.3.2), vind ons dikwels dat hoofskap as leierskap of gesag vertolk word.

Arnold Mol (1981:151) skryf soos volg oor die man se hoofskap nadat hy Efesiërs 5:23 aanhaal:

As jy hierdie verantwoordelikheid abdikeer, sal die gesagsstruktuur wat God in die huis daargestel het, afgebreek word – met aansienlike negatiewe gevolge, nie alleen vir die huweliksverhouding en jou persoonlike ontwikkeling nie, maar ook vir die kinders wat in so 'n gesin grootword.

In die bekende Bybelkor-reeks wat regdeur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebruik word as Bybelstudiegids, vind 'n mens die eienaardigheid dat die vrou se onderdanigheid gelykgestel word aan *gehoorsaamheid*. Ek het reeds in hoofstuk 3 aangedui dat vrouens nêrens in die Nuwe Testament gevra of beveel word om aan hul mans gehoorsaam te wees nie. Slegs kinders moet aan ouers gehoorsaam wees en slawe aan hul meesters. Wanneer Fourie (1982:65-66) in die Bybelkor-kursus K10/2, wat handel oor die vrou, na Efesiërs 5 verwys om die vrou se onderdanigheid te omskryf, word die volgende gesê:

En dis hierdie soort onderdanigheid (wat ons teenoor Christus het) wat die vrou teenoor haar man moet hê. Daarom sal die vrou in haar gehoorsaamheid aan die man terselfdertyd ook aan Christus onderdanig wees en gehoorsaam wees. Of andersom, omdat die vrou

aan Christus gehoorsaam is, moet sy ook aan haar man gehoorsaam wees.

Ampie Barnard (1982:75,76), 'n bekende skrywer oor die huwelik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, skryf:

Omdat die man die leier, hoof, gesagsfiguur en verantwoordelike persoon is, is dit vanselfsprekend dat die man meer op die voorgrond leef en werk as die vrou....Hy is die gesagsdraer wat gesag moet afdwing en uitoefen. Die vrou... 'is geskape om volgeling te wees en om op te sien na die man om leiding'.

Volgens Barnard kan 'n vrou net gelukkig wees as "...sy 'n man gevind het na wie sy kan opsien om leiding en aan wie se gesag sy haar kan onderwerp". Christenson (1973:38) meen weer 'n vrou "begeer heerskappy" want dit is in Genesis so bepaal en bowendien, wanneer sy in die huwelik swaarkry het sy God nodig – "dis bedoel om so te wees".

Hoewel meeste skrywers wel die dienende hoofskap van die man vermeld, word dit tog maar weer verwar met gesag, leierskap, onderwerping en gehoorsaamheid. Ek sou nog talle voorbeelde kon noem maar die omvang van hierdie studie laat dit nie toe nie.

Dit is egter 'n feit dat hierdie stereotiepe kultuurhistoriese siening van man en vrou in die huwelik, in die kerk deur baie kerkleiers en skrywers voorgehou word as absoluut, onveranderlik en Bybels. Die geloofsgemeenskap aanvaar dit onkrities as verordening uit God se Woord. So word die kerk verantwoordelik vir 'n interpretasie wat baie pyn, frustrasie, vernedering, misbruik en marginalisering, tot gevolg het, veral vir die vrou. Wie dit waag om anders te dink word dikwels gebrandmerk as 'n liberalis, feminis en wie weet wat nog alles. Die gemiddelde lidmaat is nie opgewasse teen hierdie magmisbruik en manipulasie nie aangesien hulle nie *teen die Woord van God* wil opstaan nie. Ook beskou meeste lidmate hulself nie as *Bybelkenners* nie en gevolglik is stilsweye die enigste alternatief.

As ek dus hierdie patriargale interpretasie van die Christus-kerk metafoor krities moet evalueer, is die volgende opmerkings belangrik:

* Daar is uiteenlopende standpunte in hierdie groep. Dit wissel van 'n sterk patriargale beskouing oor die man se hoofskap en die vrou se onderdanigheid aan die een kant tot diegene aan die ander kant wat die dienskarakter van die man se hoofskap wel uitbou.

* Byna almal interpreteer egter die opdragte in Efesiërs 5 oor die hoofskap van die man en onderdanigheid van die vrou as voorskrifte wat met *hiërargie, gesag of leierskap* te doen het. Daarom word uitdrukkings gebruik soos *man is die leier, die bestuurder, die gesagdraer, die een wat leiding neem, die een wat rigting aanwys en die koers bepaal*. Die vrou se onderdanigheid word weer geïnterpreteer as *die hulp vir haar man, die swakkere, die ma en huishoudster, die een wat haar man moet gehoorsaam*.

* Almal gebruik die Christus-kerk metafoor om hul stereotiepe sienings te regverdig. Hulle pas maklik hierdie metafoor toe op alle mans en alle vroue in die algemeen terwyl die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5 slegs handel oor christenvroue en hul **eie** mans.

* In al die gevalle word die (rang)orde in die huwelik aanvaar as 'n *Godgegewe rangorde*. Dikwels gaan dit met streng waarskuwings gepaard wat daarop neerkom dat diegene wat dit anders interpreteer in opstand is teen God.

* In die literatuur word hierdie beskouing bitter min deurgetrek na die arena van die pastorale terapie. Dit word met groot sekerheid verkondig as Bybelse waarheid maar selde vind mens dat skrywers die beskouings met egpare deurwerk in 'n terapeutiese situasie. Dit word byna as vanselfsprekend aanvaar dat man en vrou wel hierdie stereotipe beskouings in hul huwelike sal kan toepas. Die praktyk vertel egter 'n ander verhaal. Menige boeke is egter al geskryf oor terapie met egpare vir wie hierdie stereotipe beskouings nie die selfverwesening, vrede of vryheid gebring het soos Christus dit moontlik gemaak het nie. Dit veroorsaak in 'n groot persentasie huwelike konflik, magmisbruik, geweld, minderwaardigheid, skuld en oneindig baie pyn en frustrasie.

Wat veel erger is, is die feit dat so baie vroue vermaan word om maar onderdanig te bly al misbruik die man sy gesag. Selfs in gevalle waar geweld voorkom word

vroue dikwels deur terapeute en pastors aangeraai om meer onderdanig te wees en die Here te vertrou. Dikwels word 1 Korintiërs 7 aangehaal as motivering want “hoe weet sy of sy hom nie dalk sal wen vir die Here nie”.

’n Christen-sielkundige, Clyde Narramore (1978:14,15) meen dat as vroue ’n man se fisiese mishandeling verdra, dan ly sy vir die Here deur te “follow in His steps”. John MacArthur (1982:31) sê dat as ’n man ongehoorsaam is aan die Woord moet ’n vrou nogtans onderdanig wees. Die rede? “... he may be won”. MacArthur gaan verder: “Wives, as you obey God and submit to your husband with a gentle and quiet spirit, you can believe God that He will honor your obedience – no matter what.”

Alsdurf en Alsdurf (1989:84) meld dat in een van hul ondersoekte in verband met geweld in die christen-huwelik, een derde van die vroue meld dat hulle druk van hul kerke ervaar om in die huwelik te bly ongeag die geweld. Sowat 50 persent van dié vroue se mans meld dat hulle sal ophou om hul vrouens te mishandel as hul vroue meer onderdanig is. Een derde van die vroue glo selfs die geweld sal ophou as hulle meer onderdanig is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat hierdie stereotiepe patriargale beskouing van hoofskap en onderdanigheid werklik ’n onkritiese aanvaarding is van kultuurhistoriese interpretasies omdat dit die huidige patriargale samelewing pas. Wie egter erns wil maak met die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5, en ook met die breër boodskap van die Bybel (sien hoofstuk 3), kan en mag nie hierdie toedrag van sake duld nie. Gelowiges is geroep as beeldraers van God om die vryheid wat Christus vir alle mense verwerf het, deur sy dood en opstanding, deur te trek na elke deel van die samelewing. Die taak van praktiese teoloë is om mense te begelei na volkome mens-wees soos God dit bedoel het vir mans-mense en vrou-mense. Gelowiges is nuut gemaak deur Christus se verlossingswerk en hul taak as kerk is om mense in die lig van God se Woord te help om nuwe betekenis te gee aan hul lewe. In die kommunikatiewe handeling van die kerk moet mense gekonfronteer word met God se liefde, waar alle mense gelyk gestel word, sodat almal met waardigheid en respek kan word wat God bedoel het dat hulle moet wees. In die lig van God se storie moet gelowiges hul eie storie aanpas en herinterpreteer sodat God se transformerende herskeppingswerk ten volle gestalte kan kry.

4.2.2 Feminisme: interpretasie of reaksie?

Dat daar een of ander tyd teenstand sou kom teen die magsgebruik, onderdrukking en marginalisering van vroue in die stereotiepe patriargale samelewing is te verstane. As reaksie hierop het die beweging ontstaan wat vir die doel van hierdie studie breedweg die feminisme genoem word. In die tweede helfte van die 20ste eeu word die benaming feminisme aan die stryd om die gelykheid van die vrou gekoppel. Die benaming is baie veralgemenend van aard en sluit die hele spektrum van *vrouebevryders* in, van die militante tot die mees gematigde. Daar moet met ander woorde met groot omsigtigheid met die term te werk gegaan word, omdat die prysenswaardige doelstellings van een “vleuel” baie maklik met die vroulike chauvinistiese idees van ’n ander “vleuel” vereenselwig kan word.

Ackerman (1996:42) beskryf die feministiese teologie van praxis soos volg:

A feminist theology of praxis arises from the need to reflect on Christian praxis in specific contexts for the sake of a better and more adequate praxis mediated through changed theories. The transformed consciousness derived from ‘seeing things from below’ or differently put, ‘seeing things from the outer circles’, leads to the repudiation of that ‘theoria’ which has legitimated ‘from above’ forms of oppression that include racism, sexism, classism, imperialism and colonialism. The search for a liberating praxis engenders solidarity in this common acceptance of the priority of praxis.

Een van die prominente stereotipes wat sedert die 1970’s in die feminisme ontstaan het, is die *perfekte feminis*. Sy is ’n soort supermens wat in der waarheid ’n kompromie verteenwoordig van wat deur feministe van ’n moderne vrou verwag word, en wat deur mans van haar verwag word. Sy is steeds verleidelik maar beklee tog ’n hoë posisie, terwyl sy die perfekte ma en gasvrou by die huis is. Gelukkig is hierdie beeld besig om te verander na ook meer gematigde siening, waar ook die rol van die man in die bevryding van die vrou meer beklemtoon word.

Die vraag wat wel gevra moet word, is of die feminisme in hul poging om die vrou te bevry, wel suksesvol was. Het dit ook alternatief gebied waarmee ook christen-vrou wel die kringloop van vroue-onderdrukking, vroue-onmondigheid en ander wanpraktyke kan beëindig? Ek is van mening dat hulle wel daarin geslaag het om sekere geleerdes anders te laat dink maar in gewone lidmate se lewe en optrede het weinig verander.

Terselfdertyd is dit waar dat die feminisme se reaksie teen al die wantoestande 'n aanklag teen die kerk is. Die kerk moes eerste wees om onreg te identifiseer en God se lig te laat skyn oor enige Skrifinterpretasie of praktyk wat kinders van God degradeer, benadeel of marginaliseer. Dit is die kerk se taak om die boodskap van bevryding in Christus in al sy handeling op 'n eties verantwoordbare wyse te verkondig en deur te voer na alle samelewingsverbande.

Vir sover die feminisme dus besig is om mites rondom vrouwees te ontmasker, kan die pad met hulle saamgeloop word. So verwys Heyns (1987:39) byvoorbeeld na die werke van Simone de Beauvoir en Betty Friedan wat kritiek lewer op die posisie van die vrou en die groot invloed wat dit gehad het om die mitiese en seksistiese beeld van die vrou te ontmasker. Volgens Heyns spel hulle nie werklik 'n alternatief uit vir die seksistiese beeld van die vrou nie. Dit open volgens hom die weg vir meer radikale feministe soos Ferguson wat geslagtelikheid byna ontken en een androgene wese voorstel wat “nie manlik of vroulik is nie, maar wat 'n blote mens is” (Heyns 1987:44). Volgens Heyns onderbeklemtoon die feminisme geslagtelikheid terwyl die seksisme dit weer oorbeklemtoon. Magda van Niekerk (1987:56) lewer dieselfde kritiek teen feminisme as sy sê:

Waar die ideaal van selfverwesening aan die moderne verabsoluttering van die menslike vryheid verbind word, ontaard dit tot selfbeskikking wat poog om die skeppingsgrense, die gegewe orde waarbinne die mens werklik vry kan wees, te negeer. Indien die feministe dus in 'n ontkenning van die rol van geslagtelikheid poog om die grense tussen die geslagte af te breek, geskied dit ten diepste vanuit 'n verabsoluteerde vryheidsideaal. Ware vryheid is egter nie in die ontkenning van skeppingsgegewens geleë nie maar in die oorwinning van die sondige versteuring daarvan.

Die sogenaamde *onderdrukkende* maatskaplike gevolge van vroulike eggenootwees en moederskap, word soms die kernpunt van die feminisme genoem. Ek meen soos Van Niekerk dat die rede vir hierdie sogenaamde biologiese onderdrukking van die vrou nie in die “skeppingsgegewe geslagtelikheid” van die man en vrou gesoek moet word nie maar in die mens se sondige hantering van hierdie geslagtelikheid. Dat die feminisme teen ’n verskynsel soos manlike chauvinisme reageer, is dus ’n ware paradoks, aangesien beide ten diepste uit gemeenskaplike wortels spruit naamlik die mens se onwilligheid om Godgegewe grense te erken en te eerbiedig.

’n Verdere probleem met die feminisme is dat dit dikwels ’n vrouebeeld voorstel wat gemeet word in terme van die man. Sy moet *soos die man* wees. Ongelukkig word die man dan weer die maatstaf vir vrouwees. My mening is dat ’n vrou se identiteit, status of waarde nie gemeet hoef te word aan haar gelykheid met die man nie. Sy is ’n mens in eie reg met ’n eie unieke identiteit. Sy is kosbaar omdat sy vrou is en nie eers wanneer sy *soos ’n man* is nie. In die woorde van Van Niekerk (1987:56):

Ons sal steeds moet onthou dat ons nie die man as ideaalbeeld mag neem nie; trouens, dit sou juis deur en deur ‘ongeëmansipeerd’ wees! Nie net is die onderskeid tussen die geslagte ’n gegewe wat erken moet word nie, maar ook die mannebeelde uit verlede en hede is ewe skeefgetrek as die vrouebeelde. Die vrou wat soos ’n man wil word, wen nog niks nie maar bevestig eerder die polarisasie tussen die geslagte deur in haar optrede en voorkoms te impliseer dat man en vrou mekaar nie kan vind as beide hulle geslagtelikheid wel eerbiedig nie. Wanneer die vrou se bevryding gemeet word aan die mate waarin sy in gestalte en optrede die ‘manlike ideaalbeeld’ vertoon, bly die man die maatstaf vir die bepaling van wat vry is al dan nie.

Die feminisme is grootliks besig om kritiek te lewer op bestaande wanpraktyke en daarmee kan ek met hulle saamgaan. Hierdie kritiek het egter te dikwels die karakter van ’n weerstandsteologie en so word die spreekwoordelike baba met die badwater uitgegooi.

Wanneer ons byvoorbeeld na die feminisme se interpretasie van die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5 kyk, is dit baie duidelik dat sommige hierdie teks nie aanvaar as geldig vir ons tyd nie. Wanneer Tanzer (1995:331) byvoorbeeld in 'n kommentaar oor Efesiërs oor die huistafels skryf, sê sy:

Ultimately, however, the household codes succeed not only in christianizing the patriarchal Aristotelian ethics but also in institutionalizing submission and obedience – at the expense of a discipleship of equals.

Ek is juis van mening dat Efesiërs 5 dit nie doen nie maar eerder die patriargale leefwyse kritiseer soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit is.

Wat die vergelyking van Christus-kerk-verhouding met die man-vrou-verhouding betref, is Tanzer (1995:335) eweneens in opstand wanneer sy skryf:

... ironically from a feminist perspective it is precisely the Christ-church analogy that is most devious. Voluntary? Yes, but manipulated also. For how should a Christian wife resist the 'voluntary' call to subordination when it is cloaked in the Christ-church relationship? Has unworthy subordination been excluded? Putting aside for the moment the question of whether one can speak of 'worthy subordination', unworthy sub-ordination would be excluded only if husbands were truly capable of responding to their wives in the same way as Christ does to the church. Such an argument falters on the limits of human behaviour as compared to that of Christ...husbands are called to love as Christ has loved the church, promoting a lofty ideal on one side of the equation. Nevertheless, through these verses, which use the Christ-church analogy to motivate and theologically justify the subordination of wives to their husbands in everything. Ephesians christologically cements the inferior position fo the wife in the marriage relationship.

Die argument dat die man 'n onvolmaakte mens is en dat hierdie opdragte daarom nie aanvaar kan word nie, dra geen gewig nie. Dan moet dit mos ook vir al God se

opdragte geld. Om te redeneer dat mens God se opdragte moet verwerp omdat ander mense sondig is en nie hulle deel volkome gaan gehoorsaam nie, grens aan onsinnigheid. Om net te reageer is nie goed genoeg nie. Te dikwels word daar nie 'n alternatiewe interpretasie deur die feministe gegee nie. Die teks word gewoonlik verwerp as kultuur-historiese propaganda vir 'n patriargale stelsel, maar selde word daar gesê wat met die teks gemaak moet word. Ook hef blote reaksie teen onreg nog nie die onreg op nie. Wanneer die man se “bevoorregte” posisie net vervang word met die vrou se “bevoorregte” posisie is die situasie maar net weer omgeruil en dit strook steeds nie met die Bybelse beginsels van liefde vir God en ons naaste nie. Om bloot die orde om te keer bring nie noodwendig bevryding soos God dit bedoel het nie.

'n Verdere probleem lê in die verandering wat die feminisme wel kon teweegbring in die posisie van die vrou. Die vraag bly steeds of diegene wat “onder druk” verander het regtig verander het of maar net aan druk toegegee het. Volgens die Bybel kom ware verandering juis tot stand wanneer die mens se geestesoog deur die Heilige Gees geopen word. Werklike transformasie kom van binne wanneer die Gees van God die mens nuut maak. Juis hier lê daar vir my 'n probleem. Deur Efesiërs 5 te interpreteer as bloot 'n kultuur-historiese teks wat nie meer vandag geldig is nie (Landman 1998:65-68), verbeur die feminisme juis die geleentheid om 'n teks te benut wat juis sterk kritiek lewer op die onreg teen vroue in 'n patriargale samelewing. Soos reeds in hoofstuk 3 aangetoon word die vrou in die Christus-kerk metafoor herstel tot in 'n absolute gelyke posisie met die man. Die vloek van Genesis 3:16 - “hy sal oor jou heers” - word vervang met “die man moet sy vrou so liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het” (Efesiërs 5:25).

Dit is verder opvallend dat daar weinig geskryf is in die feministiese literatuur oor hoe hierdie bevryding van die vrou (en man) in 'n terapeutiese situasie kan realiseer. Dis juis in terapie waar die geleentheid vir mans en vroue geskep moet word om hulle stereotiepe beskouings te herinterpreteer in die lig van God se Woord.

Kerke en kerkleiers moet egter erken dat hulle te dikwels geneig was om die regstelling van wanpraktyke aan die feministe oor te laat en nie self die nuwe lewe

in navolging van Christus uit te leef nie. Hiervoor moet ons as kerk nie verskonings probeer soek nie maar eerder toelaat dat die Gees ons vernuwe sodat ons kan regmaak waar ons verbrou het. Ek verwerp dus nie die feminisme en dit waarvoor hulle stry nie. Ek meen egter die feminisme gaan nie ver genoeg in hul poging om vryheid en gelykheid vir vroue te laat realiseer nie. Na my mening gaan die skrywer van Efesiërs veel verder as die feminisme wanneer hy die liefde van man en vrou koppel aan Christus se liefde vir die kerk. Dis juis wanneer mense soos Christus liefhet dat hul naaste werklik vry kan wees om te word wat hulle in Christus reeds is. Dit is immers die boodskap van die Bybel: dat ons mekaar moet liefhê soos God ons liefhet, dat die een die ander moet hoër ag as hom/haar self. Dit is ook wat Efesiërs 5:21 sê: dat ons uit eerbied vir Christus *aan mekaar* onderdanig moet wees.